

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Blaise
## 3 Februarie

(sterf 316)

Hierdie baie gewilde beskermheilige van seer kele was 'n geneesheer en die biskop van Sebaste (in moderne Turkye). Gedurende die vervolgings onder keiser Diocletianus het hy in 'n grot gaan skuil, waar hy jarelank gewoon en die vriend van die wilde diere in die bos geword het. Uiteindelik het jagters hom opgespoor en hy is voor Agricolaus, die Romeinse goewerneur van Kappadosië en Benede-Armenië gebring. Toe hy weier om sy geloof af te sweer is hy gefolter en onthoof. Die gebruik om mense se kele op sy feesdag te seën kom van 'n insident uit sy lewe toe hy 'n seuntjie genees het wat besig was om te sterf van 'n visgraat wat in sy keel vasgesit het. Daar is baie wonderwerke aan sy voorspraak toegeskryf.